HOëRSKOOL HOPEFIELD

VRL EN LEERLINGRAAD VERKIESINGSBELEID

DOEL

Om leerderbetrokkenheid in die handhawing van dissipline en leierskap aan te moedig.

DIE VERKIESING VAN LEERDERLEIERS SAL SOOS VOLG GESKIED

LAERSKOOL

- In Graad 4, 5 en 6 sal klaskapteine elke kwartaal verkies word om leerders die geleentheid te bied om leierskapvaardighede te ontwikkel.
- Elke leerder is geregtig op 5 nominasies per geslag.
- In Graad 7 sal **een seun en een meisie as hoofprefekte** en ‘n maksimum van vier leerders as prefekte verkies word.

NOMINASIE- EN STEMPROSEDURE

- Huidige Graad 6 leerders nomineer en Graad 5 en 6 leerders is stemgeregtig.
- **Slegs Gr 4, 5, en 6 onderwyspersoneel is stemgeregtig.**
- Die nominasie- en verkiesingsprosesse sal op die volgende wyse geskied:

  - Maksimum van 5 seuns en 5 dogters uit die huidige Graad 6 klas mag verkies word.

  - Die seun en dogter met die meeste stemme is hoofprefekte.

  - Slegs Gr. 6 leerders se stemme word in aanmerking geneem by die stemming vir hoofleiers.

HOëRSKOOL

- Slegs leerders wat in die volgende jaar in Graad 8 – 12 is, sal as VRL gekies kan word – drie leerders per graad soos volgens die skolewet, behalwe **Gr 8 – 9 (twee dogters en twee seuns)**
- Prefekte sal gekies word uit die leerders wat in die volgende jaar in graad 10, 11 en 12 wees en die 3 leerders met die meeste stemme in elke graad sal outomaties lede van die VRL wees. **Slegs leerders se stemme word in aanmerking geneem by verkiesing van VRL.**
- Die volgende jaar se prefekte en die Graad 9 VRL sal aan die einde van die vorige jaar verkies word, sodat hulle met hul werksaamhede dadelik kan begin en reeds aan die begin van die volgende skooljaar op dreef kan wees.
- Die volgende jaar se Graad 8 VRL sal eers teen die einde van die volgende jaar se eerste kwartaal verkies word.
- Prefekte sal gekies word op grond van leiereienskappe, goeie dissipline en die daadwerklike voorbeeld stel en uitleef van HSH se waardestelsel – binne en buite skoolverband.
- ‘n Maksimum getal van ses-en-twintig prefekte sal verkies word volgens die prosedure soos hierna beskryf.
- Hierdie ses-en-twintig prefekte sal as volg saamgestel wees:
  - uit Graad 10, ‘n maksimum van 6 leerders
  - uit Graad 11, ‘n maksimum van 8 leerders
  - uit Graad 12, ‘n maksimum van 12 leerders

Hoërskool onderwyspersoneellede is ook tydens die verkiesing van prefekte stemgeregtig.
Onderwyspersoneel se stemme word nie in aanmerking geneem by die verkiesing van VRL-lede nie.

Indien daar in elke graad genoeg geskikte kandidate in beide geslagsgroepe is, moet die verhouding 50% seuns en 50% dogters wees.

Indien daar in ‘n graad nie genoeg geskikte kandidate van ‘n spesifieke geslagsgroep is nie, kan die totaal vir daardie graad deur addisionele, geskikte kandidate van die teenoorgestelde geslag aangevul word.

LET WEL: Hierdie is maksimum getalle en dit mag volgens die diskresie van die skoolhoof en personeel verminder word.

Indien 'n leerder wat reeds 'n prefek was net-net uitval, mag die skoolhoof en leierspan besluit om leerders wel te kies mits hy/sy 'n goeie prefek was.

Die skoolbestuurspan behou die reg voor om slegs tydens die nominasie-proses vir skoolleiers inspraak te lewer en aanpassings te doen, indien nodig. Geen inspraak, verandering of aanpassing in enige van die prosesse na nominasie word toegelaat nie.

VERKIESINGSPROSEDURE VIR VRL EN PREFEKTE

1. NOMINASIEPROSEDURE

- Tydens 'n saalperiode in die derde kwartaal, word die volgende nominasie- en verkiesingsprosedure vir die VRL bekendgestel deur die skakelonderwysers.
- Datums vir 'n nominasietydperk word afgekondig soos vooraf op die kwartaalprogram aangedui en op die kennisgewingbord geadverteer. Die nominasietydperk duur **vyf tot sewe dae**.
- Tydens die tydperk kan enige leerder in die betrokke graad **iemand in sy / haar graad** nomineer op die voorgeskrewe nominasievorm, verkrygbaar by die graadhoof.
- Die volgende besonderhede moet op die vorm ingevul word:
  - ❖ Naam, van en graad van die kandidaat
  - ❖ 'n Kort CV van die betrokkenheid en dienslewering.
  - ❖ Motivering vir die nominasie.
  - ❖ **Handtekening van die genomineerde**, die persoon wat nomineer en 'n sekondant.
- Voltooide nominasies moet by die registeronderwyser ingehandig word, deur die persoon wat genomineer is. Die graadhoof moet 'n lys maak van al die genomineerdes en dit aan die graadgroep op 'n stembrief gee vir verdere nominasies.
- Elke leerder is geregtig op die aantal nominasies soos bepaal deur prefektegetalle per graad.
- **Noemnaam moet tussen hakies aangebring word op nominasielyste**
- **BELANGRIK:** Die skoolhoof, leierspan en VRL-koördineerders mag, na die nominasies gedoen is, intree en ingryp deur spesifieke genomineerdes te verwyder of by te voeg, voordat die finale stembriefies opgestel word.
- Huidige status as VRL lid of prefek waarborg nie outomatiese verkiesing tot VRL of as prefek vir die daaropvolgende jaar nie.
- Huidige VRL of leerderraadslede sal vooraf deur die skoolhoof en die VRL-koördineerder onderwysers ingelig word indien hulle nie die nominasielys haal of weer verkies word nie.
- Gr 11 genomineerdes sal 'n kort spreekbeurt kry waar hulle die skool sal toespreek tydens 'n saalbyeenkoms.

2. VERKIESINGSPROSEDURE

- Verkiesing van die VRL en prefekte sal in klasgroepverband plaasvind en sal per geslote stembrief geskied, terwyl daar GEEN kommunikasie tussen leerders mag plaasvind nie.
- Elke hoërskoolonderwyser en elke leerder van die huidige Graad 8 tot 11 mag as volg stem vir:
  - 'n maksimum van **twee seuns en twee dogters** uit die huidige Graad 8-klas;
  - 'n maksimum van 3 seuns en 3 dogters uit die huidige Graad 9-klas;
  - 'n maksimum van 4 seuns en 4 dogters uit die huidige Graad 10-klas; en
  - 'n maksimum van 6 seuns en 6 dogters uit die huidige Graad 11-klas.
- Verkiesings vind in graadverband plaas, m.a.w Gr 8 leerders stem net vir leerders in die Gr 8 graadgroep.
- **Gebruik noemnaam van leerder op stembriefies en sorg dat spelling korrek is.**
- Elke registeronderwyser is verantwoordelik vir die tel van sy/haar registerklas se stemme en aanbring van die totale op die gegewe strokie wat onmiddellik aan die kiesbeamptes (VRL-koördineerders) oorhandig moet word, saam met die registerklas se stembriewe.
- Elke leerder van die volgende jaar se Graad 8 klasgroep, kan teen die einde van die eerste kwartaal 6 leerders (ongeag geslag) uit daardie klasgroep nomineer wat verkiesbaar kan wees vir daardie jaar se Graad 8 VRL lede (twee seuns en twee dogters).
- Die verkiesing van die 4 VRL lede vir die volgende jaar se Graad 8-klas sal op dieselfde wyse geskied as die verkiesing van die Graad 9 VRL lede.

VERKIESING VAN DIE HOOFPREFEKTE

Vir die verkiesing van die hoofprefekte- en onderhoofprefekte sal die volgende prosedure gevolg

word:

- **Hoofleiers word verkies deur die verkose leerderraad EN die personeellede wat funksioneer as leerderraad-koördineerders EN die Leierspan (hoof, adjunkhoof en hoërskool departementshoofde)**

- Elke stemgeregtigde kry geleentheid om vir die hoofseun, hoofdogter, onderhoofseun en onderhoofdogter te stem.

- Die kiesbeampte (VRL-koördineerder) sal op die stemdag die stembriewe vir die hoof- en onderhoofleiers aan die stemgeregtigdes verskaf vir die stemproses.

- Hierdie stembriewe word apart opgeneem en direk aan die kiesbeampte (VRL-koördineerders) oorhandig vir die telproses.

Die SBL sal onpartydige lede aanwys om die verkiesingsuitslae te verifieer.

BEKENDSTELLING VAN VRL EN PREFEKTE

- **SLEGS die prefekte van Graad 9, 10, 11 en 12 vir die volgende jaar sal tydens die prysuitdelingseremonie van die hoërskool aan die opvoeders, leerders en ouers bekendgestel word waar hulle dan ook hul "Leerlingraad"-balkies sal ontvang.**
- Hulle sal ook 'n VRL-kenteken dra en verder uitgeken word aan die geborduurde skoolbaadjies.
- Graad 8 en 9 VRL lede sal slegs die VRL-kenteken dra.

HIERDIE BELEID IS GOEDGEKEUR:

_____ _____

DATUM PLEK

OPVOEDERS: _____

_____

_____

_____

_____

SKOOLHOOF: _____

VOORSITTER (SBL): _____